

Eerste Beginsels van die Christelike Lewe

Studie 6

SONDE EN VERSOEKING

INLEIDING

Ons bespreek SONDE en VERSOEKING saam, want u moet goed verstaan wat die verskil is, en dit sal u dwarsdeur u Christelike lewe tot hulp wees. Baie Christene ondervind nie die vreugde en blydschap in Christus nie, omdat hulle nog nooit volkome besef het dat VERSOEKING in sigself nie sonde is nie. Omdat hulle dit nie weet nie, word hulle dikwels deur GEDAGTES gekwel dat hulle teen God gesondig het, wanneer hulle miskien, deur Sy genade en krag, die versoeking weerstaan of oorwin het.

Oor die algemeen kom versoeking direk van die listige sielevyand deur ons gedagtes. Die Christen word versoek om vuil gedagtes te dink of te kritiseer en hy word van sonde deur die sielevyand beskuldig (bv Matt. 13:39; Open. 12:9-11). Daar was heel moontlik GEEN TOEGEWING NIE, maar eerder 'n gevoel van afsku by die gedagte om aan so iets toe te gee. As 'n verkeerde gedagte dadelik geweier en weerstaan word, is dit nie sonde nie al word die versoeking voortgesit.

Versoeking in enige vorm is NIE sonde nie. Sonde is alleenlik wanneer ons aan die versoeking toegee. Dit is moedswillige oortreding met die goedkeuring van die wil van die oortreder. Vergelyk die versoeking van Christus in Matt.4:1-11 & Heb.4:14-15.

1. VERSEKERING VAN OORWINNING

Terwyl versoeking nie sonde is nie, moet dit in die krag van Christus teengestaan en oorwin word. Die Christen sal altyd blootgestel wees aan versoeking in hierdie lewe - en wanneer daar versoeking is, is daar ook die moontlikheid om daaraan toe te gee. Die Here se Woord openbaar aan ons God se voorsiening in tye van versoeking (1 Kor. 10:13). As u nog nie hierdie teks uit die hoof geleer het nie, doen dit sommer nou en neem hierdie belofte ter harte en glo dit. Vertrou die Heilige Gees om dit na u geheue terug te bring. Die Naam van Jesus en die Woord van God is ALLES in tye van versoeking. Die Woord van God wys vir ons dat ons versoeking kan oorwin, en dit word geïllustreer in die Bybel waar die versoekings en oorwinnings beskryf word.

- **Josef was versoek om liggaamlik te sondig (Gen 39).** Sy weiering het hom sy vryheid gekos, maar die Here het hom verlos en hom keiser oor Egipte gemaak.
- **Job was versoek om deur sy lippe te sondig (Job 2).** Sy weiering het wrede kritiek en valse beskuldiging tot gevolg gehad, maar die Here het hom verlos en hom meer voorspoedig as ooit tevore gemaak.

Sadrag, Mesag & Abednego was versoek om die goue beeld te aanbid (Dan.3). Deur te weier is hulle in die brandende vuuroond gewerp, maar die Seun van God was met hulle en geen leed is hulle aangedoen nie, en die koning van Babel het berou gehad en hulle verhoging gegee. Die Here sal *“saam met die versoeking die uitkoms gee”*.

Versoeking mag net vir 'n oomblik wees en dan volg 'n onmiddellike oorwinning as ons ons oë op die Here Jesus hou. Soms is dit nou en dan, soms is dit verleng en die toets is geweldig, maar op watter manier die versoeking ook al mag kom, onthou die Here Jesus is met u, en

Hy sal nie toelaat dat u bo u kragte versoek word nie (Heb.2:18; Jak.4:6-7). Sy genade is voldoende in tye van versoeking en Sy verlossing volkome (2 Kor. 12:9). Vertrou Hom soos Paulus wat gesê het: *"Maar die Here het my bygestaan en my krag gegee.. ."*(2 Tim.4:17)

Die Here sal ons nooit versoek nie (Jak. 1:13), maar versoeking beproef ons geloof en ontwikkel in ons 'n sterk geestelike karakter en standvastigheid (Jak. 1:2-3).

2. VERMY VERSOEKING

In die eerste sewe hoofstukke van Spreuke leer ons baie aangaande versoeking, maar een feit is baie duidelik: as ons suksesvol wil wees om versoeking te oorwin, dan moet ons van ons kant saamwerk en die Bybel se bevele gehoorsaam. In Spr.1 :23 word ons verseker van die hulp van die Heilige Gees, en in Spr.2:11 lees ons *"oorleg sal oor jou wag hou, verstand sal jou bewaak"*.

Omtrent die pad wat lei na die versoeking, word ons beveel in Spr 4:14, 15 – *"Kom nie op die pad van die goddelose en betree die weg van die slegtes nie. Vermy dit, gaan nie daarop nie ..."* Die jong Christen sal ondervind dat terwyl daar baie dinge is wat nie in sigself sonde is nie, hierdie dinge vir die duiwel die geleentheid gee om hulle te versoek. Dis juis daarom dat hierdie dinge vermy moet word. Hierdie bevele is baie eenvoudig en duidelik; dit is daar vir ons hulp en as ons dit verontagsaam, is ons blootgestel aan allerhande gevare. Christus is ons lewe, en as ons ons op die pad van die goddelose bevind, sal ons net droefheid, ontnugtering en duisternis ondervind. Die Bybel se: *"vermy dit, gaan nie daarop nie, wyk daarvan af en gaan verby ..."*

Terwyl u besig is om die wil van God te doen en u word deur versoeking oorweldig, hou aan om die wil van God te doen, bid ernstig, en vertrou die Here om u 'n heerlike oorwinning te gee (Jos.1 :8,9). As u die leiding van die Heilige Gees volg, sal Hy u bewaar, troos, en u bewus van die slinkse versoekings van die sielevyand maak. Die Heilige Gees is u Leidsman en u Bewaarder. Vertrou Hom. Werk saam met Hom deur dadelik gehoor te gee aan Sy waarskuwing sowel as Sy leiding. Dit sal dissipline en waaksaamheid beteken, maar oorwinning **sal die gevolg wees** en u sal vreugde en blydschap in u lewe as Christen ondervind.

3. ERKEN VERSOEKING

Die Heilige Gees wat in u woon sal u sensitief teenoor sonde en bewus van versoeking maak. U het seker al ondervind dat sommige dinge wat heeltemal vir u reg gelyk het voor u na Christus gekom het, nou verkeerd lyk. Dinge wat u gedoen het, gedagtes wat u gekoester het, plekke wat u besoek het, is nou onsmaaklik, en laat u ongelukkig voel as u daarmee aanhou. Dit is 'n teken van u nuwe lewe in Christus en van die inwonende Heilige Gees. Gee ag op Sy waarskuwings, luister na Sy stem en gehoorsaam Hom altyd.

3.1 DIE WEG VAN VERSOEKING

Die eerste versoeking waarvan ons in die Bybel lees, het gekom deur die oor en die oog (Gen.3:1-6) en dit is vandag nog dieselfde weg wat die duiwel gebruik om die mens te verlei.

a. Die oor

Deur die oor is die eerste saadjies van twyfel omtrent die Woord van God gesaai, en as die duiwel ons kan laat twyfel omtrent die outoriteit van die Bybel, dan het die krag daarvan om ons van sonde te bewaar, verdwyn. Vertrou die Here, glo Sy Woord en wees versigtig na wat u luister. Vergelyk wat die slang gesê het (Gen.3:1) met wat die vrou gesê het (Gen 3:2,3). Die vrou het na die verleidende woorde van die slang geluister en het toe met hom geredeneer. Moet nooit met die versoeker redeneer nie; bid tot die Heiland en vlug van die versoeker weg. As ons die versoeking tot sonde oorweeg, dan word ons gedagtes ondermyn en ons gee toe deur ONS WIL - dit is dikwels die rede tot neerlaag. In (Gen.3:4, 5) sien ons hoe die slang God se Woord in twyfel trek, en die vrou glo die slang en val in die versoeking.

b. Die oog

Deur die oog is daar drie maniere waarop die versoeking vir ons aanloklik lyk.

- Die vrou het GESIEN dat die boom GOED was om van die EET - die BEGEERTE van die vlees.
- Dit was AANLOKLIK vir die oë - die begeerte van die oë.

Dit is 'n boom wat 'n mens BEGEER om jou WYS te maak - die grootsheid van die lewe.

In die sesde versie sien ons duidelik die verskil tussen sonde en versoeking. Let wel die DAAD wat gevolg het op die versoeking. Sy het van die vrugte geneem en geëet. Ons sien hier duidelik die slinksheid van die drievoudige aantreklikheid van die eerste versoeking van die mens. Die slang het die mens versoek om te sondig deur nadruk te lê op die egte God-gegewe begeertes. Die slinksheid van die versoeking - om nadruk te lê op die natuurlike begeertes van die mens - openbaar vir ons die noodsaaklikheid om 'n gedissiplineerde Christelike lewe te lei (Mark 14:38).

3.2 DIE HOOF TREKKE VAN VERSOEKING

Vergelyk (I Joh.2:16) met (Gen 3:6) - dit sal u help om die maniere daarvan te verstaan.

3.2.1 DIE BEGEERTE VAN DIE VLEES

" die boom was goed vir voedsel. "

God het voldoende voorsiening vir hul fisiese behoeftes gemaak. Daar was voedsel in oorvloed om hulle te versadig, maar hulle was nie tevrede nie, en toe aan die versoeking toegegee is, het wat natuurlik was, onnatuurlik geword - aptyt het wellus geword en wellus baar sonde (vgl. Jak. 1:13-15).

3.2.2 DIE BEGEERTE VAN DIE Oë

"dit was mooi om net te kyk. "

Elke boom was mooi om na te kyk en hulle kon van elke boom vrylik eet, behalwe die boom van die kennis van goed en kwaad. Hulle het alles gehad, maar daar was net een begeerte en dit was om te eet van die verbode vrug en dit het tussen God en hulle gekom (Kol.3:5 & Gen.2:9, 16, 17).

Let wel die verbode boom was *"die boom van die kennis van GOED en KWAAD"*. Adam en Eva was onbewus van enige euwel totdat hulle van die verbode vrug geëet het Rein van hart het hulle in liefde en vrede saamgewoon en het met God heerlike gemeenskap in die tuin van Eden gehad. Wat 'n wonderlike lewe was hulle s'n, en nogtans, vir 'n paar oomblikke van genot, het hulle alles prysgegee en vir hulle nageslag 'n innerlike verdorwenheid nagelaat. (Dit is wat dikwels genoem word inwonende sonde; lees Rom.7:20). Dikwels het sonde vandag nog 'n dubbele uitwerking wat die onskuldige saam met die skuldige laat ly.

3.2.3 DIE GROOTSHEID VAN DIE LEWE

"die begeerte om 'n mens wys te maak. "

Adam het 'n posisie van groot outoriteit sowel as 'n groot verantwoordelikheid gehad, en op 'n wonderlike manier het hy die wysheid wat van Bo, wat God hom gegee het, beoefen. (Gen.2:15-17; 19, 20). Toe begeer hy wêreldse wysheid (Jak.3:13-16), en hy gee aan die versoeking toe en kry wat hy na gesmag het, maar gemeenskap met God is verbreek en hy is uitgewerp uit die paradys (Gen.3.23).

Die resultaat van goddelike wysheid was eenheid tussen man en vrou, en die mens en God (Jak.3:17, 18). *"Maar die wysheid van Bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte ..."* Die onmiddellike uitwerking van die "val" word gesien in die verbreking van hulle gemeenskap met God (Gen.3:8) en hulle verhouding met mekaar was belemmer (Gen.3:12) want die wysheid wat nie van "Bo" is nie, is " *...aards, natuurlik, duiwels; want waar afguns is, daar is wanorde en allerhande gemene dade.* " (Jak.3:13-18)

Deur die Woord van God word die Christen aangemoedig om wysheid te soek (Spr.4:7); maar die wysheid wat ons moet verkry, is in Jak.3:17 (vgl. Jak.1:5, 6).

'n Vergelyking. Na die Here Jesus word verwys as die "laaste Adam" in (1 Kor. 15:45-47). Vergelyk die versoeking van die Here Jesus Christus (die laaste Adam) in (Matt.4:1-11) met die versoeking van die "eerste" Adam.

DIE VERSOEKING

- Matt.4:3 - die begeerlikheid van die vlees
- Matt.4:6 - die begeerlikheid van die oë.
- Matt.4:8,9 - die grootsheid van die lewe.

DIE VERSOEKING OORWIN

- Matt.4:4 - *"Daar is geskrywe ... "*
- Matt.4:7 - *"Daar is geskrywe ... "*
- Matt.4:10 - *"Daar is geskrywe ... "*

Die Here Jesus het oorwin deur die Woord van God te gebruik. Die NAAM van Jesus en die Woord van God is 'n skans vir die Christen in die uur van versoeking. Lees (Heb.4:15; 2:12), (1 Kor. 10:13). Die Heilige Gees sal u aan 'n woord van troos en bemoediging herinner, en as u na die Here Jesus opkyk, sal Hy u verlos.

4. VERSOEKING OORWIN DEUR CHRISTUS

Baie val omdat hulle op hul eie krag en vernuf staatmaak. Vir diegene sê die Bybel *"... wie meen dat hy staan, moet oppas dot hy nie val nie "* (1 Kor. 10:12). Lees die gedeelte –(1 Kor. 10:1 -15) en leer dit van buite. As u dan versoek word om afgode te aanbid (v.7), om aan onreinheid toe te gee (v.8), om die genade en lankmoedigheid van God gering te ag (v.9), of om aan die liefde van God a.g.v. van omstandighede te twyfel ... Pas dan op. Kyk na die kruis en draai u rug op die versoeking, pleit die belofte van vers 13, roep die Naam van die Here Jesus aan, en Hy sal 'n weg van verlossing aanwys.

Ons moet ten alle tye ons oë op Golgota hou, want wanneer ons die kruis bepeins dan word ons herinner aan Sy voorsiening en verlossing van die sondeskuld, en ons word bemoedig om die voorsiening vir onself toe te eien. Die Here Jesus bid vir ons (Heb.7:25).

Sy Gees is ons behulpzaam (Joh.14:16, 17); Sy Woord bemoedig ons (1 Pet. 1:3-9), en Sy verlossing van ander vertroos ons (2 Tim.4:16-18). God die Seun voel saam met die wat versoek word, en onderskraag en bid vir ons (Heb.4:15; 2:18; Luk.22:31, 32). God die Vader in Sy getrouheid help die wat versoek word om dit te verdra en maak 'n weg van uitkoms - Hy sal nie toelaat dat ons bo ons kragte versoek word nie (1 Kor. 10:13). Die kind van God moet versoeking vermy (Spr.4:14, 15) en moet vir bewaring bid (Matt.26:41)

VERSOEKING

- Waak daarteen (1Pet.5:8)

- Weerstaan dit in die geloof (1Pet.5:9; Ef.6:16)

- Glo vir oorwinning deur Christus (2 Kor.2:14; Heb.12:1,2)

Toets 6

Sonde en Versoeking

1. Is versoeking sonde?

2. Wanneer word 'n bose gedagte sonde?

3. Gee 'n definisie van sonde?

4. Noem 3 dinge wat 1 Kor. 10:13 vir ons leer omtrent versoeking.

a. _____

b. _____

c. _____

5. Bewaar dit ons van alle probleme wanneer ons versoeking weerstaan ?

6. Noem 2 persone wat gely het, omdat hulle nie toegegee het aan Versoekings nie ?

a. _____

b. _____

7. Waarom laat God dit toe dat ons versoek word ?

8. Watter 2 sintuie is gewoonlik die kanaal, waardeur versoeking plaasvind?

a. _____

b. _____

9. Noem 3 dinge "van die wêreld" wat die slang gebruik het om Eva te Versoek ?

a. _____

b. _____

c. _____